

# Finansieel Gesproke

Oktober 2009



## Binne:

- Tyd om u portefeulje te hersien
- Ekonomiese herstel eers in 2010 verwag
- Moenie wêreldwye herstel ignoreer in die soeke na inkomste nie
- Dis die moeite werd om 'n voorsprong te kry



OLD MUTUAL

# Tyd om u portefeulje te hersien



Pieter Hugo  
Besturende Direkteur, Old Mutual Unit Trusts

**B**eleggers het ongetwyfeld te make met 'n paar uiters moeilike besluite. Soos ek in ons Januarie-uitgawe van Finansiële Gesproke gesê het, is markte geneig om vinnig te styg wanneer hulle herstel. Die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) is geen uitsondering nie - nadat dit met meer as 40% tot sy laagste vlakke in Februarie 2009 geval het, het dit reeds weer sowat 37% ingehaal (soos op 30 September 2009).

Hoewel dit goeie nuus is vir beleggers wat gedurende die sogenaamde "subprima-krisis" in die markte gebly het, is dit belangrik om te beseef dat hierdie styging nie beteken dat u beleggings terug is waar hulle voor die krisis was nie. Kortom, as u R100 belê het en dit het 40% van sy waarde verloor, sou u oorblywende R60 teen 66% moes groei om weer R100 te bereik. Dis waarom dit dikwels nadelig is om uit aandele te beweeg nadat die mark geval het: die ironie is dat die aandelemark die beste plek is waar hierdie verliese met verloop van tyd verhaal kan word, aangesien die geskiedenis bewys dat die aandelemark die stukrag vir groei in die beleggingswêreld voorsien.

Dit is jammer dat baie beleggers in hierdie tyd effektetrusts met 'n blootstelling aan aandele verlaat het, terwyl 57% van nuwe beleggings in vasterentefondse geplaas is. Geldmarkfondse was steeds die gewildste vasterentefondse en alhoewel hulle deel van 'n goed gediversifiseerde portefeulje behoort te wees, is hulle nie ontwerp om langtermyn groei te lewer wat inflasie beduidend oortref nie. En hoewel baie beleggers tot onlangs nog baat gevind het by abnormaal hoë reële rentekoerse in Suid-Afrika, is ons siening dat dit nie noodwendig in die toekoms sal voortduur nie (lees Peter Brooke se artikel op bladsy 4).

Soos verwag is, het die SA Reserwebank probeer om die ekonomie te stimuleer, deur rentekoerse sedert Desember 2008 met vyf persentasiepunte te verlaag. Terwyl rentekoerse nou ongeveer 7% is en inflasie tans op 6.4% staan, is die reële opbrengs op kontant naby nul.

Na beduidende gebeure oor die afgelope jaar, soos dalende inflasie, rentekoersverlagings en die skerp daling en daaropvolgende gedeeltelike herstel in die aandelemarkte, is dit nou 'n gepaste tyd vir beleggers om te bepaal of hul huidige beleggings reg geïmposeer is om hul doelwitte te bereik.

## Stimulering van die ekonomie deur rentekoerse te verlaag


Laer rentekoerse beteken dat minder inkomste vir die betaling van skuld gebruik hoef te word, en dat meer geld oor is om aan goedere en dienste te bestee. Hierdie groter vraag na goedere en dienste is een manier waarop laer rentekoerse die ekonomie ondersteun. Laer rentekoerse het egter ook ander gevolge... onder meer dat die opbrengste wat op geldmarkfondse verdien word, daal in ooreenstemming met die koers waarteen banke geld uitleen.

Hoewel baie beleggers sku is vir aandele as gevolg van die skerp dalings wat die markte van tyd tot tyd ondervind, dui alles daarop dat dit belangrik is om 'n aandeelkomponent by u portefeulje in te sluit. Ter illustrasie hiervan het ons bereken dat 'n belegging van R100 wat 15 jaar gelede in ons aandelemark aangegaan is, teen einde September 2009 sou aangegroei het tot R665. Dit is 'n opbrengs van 13.5% per jaar (teenoor gemiddelde inflasie van 6.5%) oor 'n tydperk waarin die volgende ondervind is:

- Die Asië-krisis: Ons mark het met 39.7% geval en 19.5 maande nodig gehad om tot vlakke voor die ineenstorting te herstel (30 April 1998 tot 15 Desember 1999).
- Die 2002-krisis: Die mark het met 30.5% geval en 20 maande nodig gehad om sy waarde te herwin.
- Die subprima-verbandkrisis in 2008: Ons het 'n daling van meer as 40.4% tussen Mei 2008 en Februarie 2009 ondervind. Met die onlangse herstel het die verlies van Mei 2008 tot 30 September 2009 op 18.2% te staan gekom.

## R100 wat 15 jaar gelede belê is

(30 September 1994 tot 30 September 2009)



Dit is uiters moeilik om tydsberekening op die beleggingsmarkte te probeer toepas. Een van die grootste voordele van belegging in effektetrusts is dat u daardie moeilike batetoewysingsbesluite aan die deskundiges kan oorlaat. Binne hierdie batetoewysingseffektetrusts besluit die fondsbestuurder oor die blootstelling aan die verskillende bateklasse, soos aandele, genoteerde eiendom, effekte en kontant. Na gelang marktoestande verander, sal die fondsbestuurder blootstelling aan die verskillende bateklasse verhoog of verlaag om die fonds se doelwitte oor die lang termyn te verwesenlik.

**Wat staan inkomstebeleggers te doen?**

Vir inkomstebeleggers wat nie onbestendigheid (stygings en dalings) in die kapitaalwaarde van hul belegging kan hanteer nie, bly geldmarkte ’n goeie opsie. Soos ek egter voorheen verduidelik het, loop hierdie beleggers die risiko dat hul beleggingsgroei nie inflasie oor die lang termyn sal oortref nie - veral nie as hulle ’n inkomste neem nie.

Daar is wel ander fondse met ’n inkomstefokus beskikbaar, wat ’n relatief hoë, volhoubare inkomstevlak asook

kapitaalwingsgeleenthede bied. Een so ’n fonds is die Old Mutual Enhanced Income Fund, wat hierdie doel deur beheerde blootstelling aan instrumente soos inflasiegekoppelde effekte, voorkeuraandele, eiendom en ander effekte probeer bereik.

Binne die wye reeks effektetrusts wat vir beleggers beskikbaar is, kan u die een uitsoek wat die beste aan u risiko- en groei/ inkomste-behoefte beantwoord. Die tabel hieronder toon voorbeelde van fondse wat ons aanbied. Let op hoe fondse wat groter klem om die verskaffing van inkomste plaas, ’n hoër persentasie van hul portefeulje in geldmarkinstrumente belê. Namate die fokus op kapitaalgroei toeneem, raak die aandeelkomponent van die portefeulje groter.

**Het u geweet?**

Die Old Mutual Money Market Fund was oor 1, 2, 3 en 5 jaar tot 30 September 2009 in die topkwartiel. Dit bly ’n uitstekende parkeerplek vir korttermynbeleggers, of beleggers wat sonder enige kapitaalbestendigheid inkomste wil maksimeer.



Fondsportefeuljes soos op 30 September 2009	Fondskategorie	Geldmark/ Kontant	Effekte	Genoteerde Eiendom	Aandele
<b>Old Mutual Money Market Fund</b> Streef ’n hoë inkomstevlak sonder kapitaalgroei of -verlies na.	Vaste Rente - Geldmark	100%	-	-	-
<b>Old Mutual Enhanced Income Fund</b> Poog om ’n inkomste met ’n mate van kapitaalgroei te verskaf.	Vaste Rente - Gevarieerd	65%	30%	1%	4%*
<b>Old Mutual Stable Growth Fund</b> Streef matige kapitaalgroei met ’n kapitaalelement na.	Batetoewysing - Lae Aandele	21%	33%	8%	38%
<b>Old Mutual Balanced Fund</b> Poog om ’n hoër vlak van kapitaalgroei met ’n kapitaalelement te verskaf.	Batetoewysing - Medium Aandele	9%	12%	8%	71%

\* Voorkeuraandele

As u onseker is hoe om u portefeulje so saam te stel dat dit aan u finansiële behoeftes voldoen, wil ek aanbeveel dat u met u Old Mutual finansiële adviseur of u makelaar gesels. Wees egter verseker - wat u finansiële behoeftes ook al is, daar sal ’n fonds of kombinasie van fondse wees wat vir u behoeftes nommerpas is.

Vorige uitgawes van Finansiële Gesproke (Financially Talking) is beskikbaar onder Media Centre by [www.omut.co.za](http://www.omut.co.za).

# Ekonomiese herstel eers in 2010 verwag



Rian le Roux  
Hoofekonoom by Old Mutual Investment Group (SA) (OMIGSA)

**A**ngesien ons die wêreldsiklus volg, bly die korttermynvooruitsigte vir Suid-Afrika se ekonomiese groei relatief swak. Hoewel daar groeiende tekens van stabilisering is, reken ek ons ekonomie sal waarskynlik nie voor volgende jaar behoorlik herstel nie.

Ons het 'n sterker herstel in die tweede helfte van vanjaar verwag, maar nou lyk dit of ons ekonomie sterker die wind van voor kry as wat aanvanklik verwag is.

## Hindernisse:

- Trae wêreldgroei;
- Inflasie het langer hoër gebly;
- Verbruikers se finansies is steeds onder druk;
- Die sterk rand benadeel ons vervaardigings- en mynuitvoer; en
- Die voordeel van laer rentekoerse (d.w.s. meer geld in die sisteem) word gedeeltelik uitgewis deur streng bankuitleenstandaarde en hoër kosteëffings in die openbare sektor (onderwys, munisipale en elektrisiteitstariewe).

Kostestygings en hoë loonskikkings plaas ook druk op die mediumtermyn-vooruitsig vir inflasie (VPI). Hoewel sommige pryse van onverwerkte voedsel onlangs gedaal het en die sterk rand invoerpryse laer help hou het, lyk dit onwaarskynlik dat die VPI vanjaar tot binne die Reserwebank se teikenband van 3%-6% sal terugsak. Ek verwag nietemin dat die geleidelike daling sal voortduur, en dat 'n laagste vlak van net bo 6% nader aan die einde van die jaar moontlik is.


As gevolg van hierdie hindernisse verwag ons dat ekonomiese groei sal afneem, en dat bruto binnelandse produk (BBP) vanjaar met sowat 2.0% sal val. Ons verwag 'n herstel van

ongeveer 2.0% volgende jaar (hierdie vooruitskating sluit die waarskynlike positiewe impak van die Wêreldbeker in).

Te midde van groeiende kommer by sowel plaaslike as buitelandse beleggers oor Suid-Afrika se ware langtermyn-groeipotensiaal, sal die nuwe regering dringend streng en beslissende stappe moet doen om die hindernisse vir hoër groei en werkskepping in Suid-Afrika oor die medium tot langer termyn aan te pak.

Aan die positiewe kant is daar 'n paar tekens van stabilisering in ons ekonomie. Motor- en handelsvoertuigverkope toon 'n verbetering, en elektrisiteitsproduksie en nuwe vervaardigingsbestellings van aankoopbestuurders (soos weerspieël in die Kagiso-indeks van Aankoopbestuurders) het ook toegeneem. Verder moet die volle uitwerking van die kumulatiewe rentekoersverlaging van 5 persentasiepunte nog deur verbruikers en ondernemings gevoel word, wat behoort te help om die ekonomie in die komende maande te ondersteun.

## 2009 BBP-VOORUITSKATTINGS AANSIENLIK VERLAAG





# Moenie wêreldwye herstel ignoreer in die soeke na inkomste nie




Peter Brooke

Portefeuljebestuurder van die Old Mutual Stable Growth Fund, Old Mutual Real Income Fund en Old Mutual Flexible Fund.

**A**angesien die verwagting is dat beide plaaslike en internasionale reële rentekoerse 'n geruime tyd lank onaantreklik laag (en selfs negatief) sal bly, maak beleggers 'n fout as hulle steeds op kontant fokus om kapitaalgroei bo die inflasiekoers te verkry.

Terwyl ekonomiese groei regoor die wêreld weer stadig op dreef kom, behoort groeibates die kern van beleggers se portefeuljes uit te maak, omdat hulle verreweg die grootste kans vir die beste reële opbrengste oor die kort en langer termyn bied.

## Reële SA kontantopbrengste



In Suid-Afrika is ons effektiewe reële rentekoerse (bo inflasie) tans naby nul, met inflasie op 6.4% en kontant op ongeveer 7.0%. Kontantopbrengste (geldmarkopbrengste) is nou vir die eerste keer in 3.5 jaar laer as dié van effekte en eiendom. In die verlede was ons reële kontantopbrengste besonder hoog - gemiddeld amper 5% oor die afgelope 15 jaar (sien die grafiek hierbo). Daardie dae is egter verby: oor die volgende paar jaar sal reële rentekoerse nader aan 2% wees, wat meer in ooreenstemming met internasionale tendense is.

Die vernietigende uitwerking van hierdie lae rentekoerse op bestaande spaarders kan nie geïgnoreer word nie, veral omdat hulle gewoon is aan ruim opbrengste op 'n belegging met 'n relatief lae risiko. Hierdie beleggers sal 'n baie sterk behoefte hê om hul kontantopbrengste te verhoog, deur ander bateklasse soos effekte, eiendom, voorkeuraandele of aandele by hul portefeulje te voeg. Indien 'n belegger se risikoprofiel

dit toelaat, is 'n belegging in aandele nog steeds 'n goeie opsie vir diegene met 'n langer beleggingshorison - of hulle nou via suiwer aandele-effektetrusts met 'n hoër risiko belê, of via effektetrusts wat net gedeeltelik in aandele belê, soos gebalanseerde of defensiewe fondse.

## Die dae van hoë reële geldmarkopbrengste is verby.

Ons aandelemarkt het reeds goeie opbrengste behaal sedert sy laagtepunt in Maart 2009, en is nou bo sy historiese gemiddelde ten opsigte van waardasies. Hoewel dit waarskynlik steeds aantreklike reële opbrengste oor die medium tot langer termyn sal lewer, is die mark nie meer goedkoop nie. Ons verwag 'n reële opbrengs van 7% op plaaslike aandele oor die volgende vyf jaar. Dit is ietwat laer as die 8% wat ons aan die begin van die jaar verwag het (Finansieel Gesproke, Januarie 2009) en weerspieël die selektiewe waarde wat in die mark beskikbaar is.

Hierdie vooruitskatting sluit my kommer in oor die vermoë van Suid-Afrikaanse maatskappye om hul verdienste in die toekoms net so sterk te laat groei, weens trae wêreldgroei en die heelwat hoër verdienstebasis waarop hulle moet voortbou.

Nietemin toon onlangse data egter steeds dat die wêreldekonomie reeds begin stabiliseer terwyl die ongeëwenaarde beleidstimuleringsmaatreëls van regerings begin vrugte afwerp. Dit is duidelik dat die stelselhindernisse uit die weg geruim word. Banke leen meer uit, beleggers se risiko-aptiyt is aan die verbeter en verbruikers begin by lae rentekoerse baat vind. Internasionaal is daar 'n magdom ongebruikte kontant wat wag om 'n tuiste te vind terwyl reële kontantopbrengste so onaantreklik is, en dit sal 'n herstel in aandelemarkte ondersteun. Om in kontant te bly, kan 'n duur fout wees.

### Reële rentekoers

Dit is die rentekoers wat verdien word minus die inflasiekoers (voorbeeld: 'n rentekoers van 7% minus 'n inflasiekoers van 6% is gelyk aan 'n reële opbrengs van 1%).

**Buitelandse aandele** lyk ook aantrekliker as die plaaslike mark, as gevolg van hul huidige goedkoop waardasies met betrekking tot historiese vlakke. Ek verwag 'n reële opbrengs van 8% van hierdie bateklas oor die volgende vyf jaar, met 'n voorkeur vir ontluikende markte, met hul sterker ekonomiese groeivoorsigte. Buitelandse aandele was oor die afgelope 10 jaar die bateklas wat die swakste presteer het, en baie beleggers begin nou vertrou daarin verloor. Dit sal 'n fout wees.

VERWAGTE REËLE OPBRENGSTE OOR VOLGENDE VYF JAAR			
Tipe Belegging (bateklas)	Reële Opbrengs	Siening	Kommentaar
<b>SA Mark</b>			
Aandele	7.0%	N	Goeie reële opbrengs oor lang termyn. Bekommerd oor reële verdienstegroei.
Eiendom	6.0%	+	Hoë opbrengs van 9% maar verwag moeilike 18 maande. Wenner oor die langer termyn.
Effekte	3.0%	N	Lyk interessant in die volgende jaar, maar inflasie wek kommer oor die langer termyn.
Kontant	2.0%	-	Laer reële opbrengste in volgende dekade. Negatief na belasting.
<b>Buitelandse Mark</b>			
Aandele	8.0%	+	Goedkoop teenoor historiese vlakke. Verkies ontluikende markte oor lang termyn.
Effekte	2.0%	-	Geen inflasierisiko oor kort termyn nie, maar lae nominale opbrengste.
Kontant	0.0%	-	Afgegradeer terwyl koerse skerp daal.

N = Neutraal    + = Positief    - = Negatief

Die vooruitsigte vir **plaaslike eiendomsaandele** het die afgelope paar maande verswak, weens dalende eiendomswaardes en huurderprobleme. Ek verwag dat 'n moeilike 18 maande vir die sektor voorlê. Oor die langer termyn bly eiendom egter 'n waardevolle bate vir 'n portefeulje, met sy vooruitgeskatte opbrengs van 9% wat 'n reële opbrengs van 6% oor die volgende vyf jaar onderskrif.

Intussen het **effekte-opbrengste** as gevolg van die onlangse afverkoping verbeter, en behoort oor die volgende vyf jaar 'n reële opbrengs van 3% te lewer, net-net voor kontant. Beleggingsgraad korporatiewe effekte is aantrekliker, hoewel hulle baie minder likied is. En kontant, met 'n geprojekteerde reële opbrengs van slegs 2% tot in 2013, is die laagste voorkeur vir 'n portefeulje.

Beleggers moet verstaan dat opbrengste op die meeste bateklasse, maar veral kontant, in die afsienbare toekoms laer sal wees. Dit is ook 'n bron van kommer vir defensiewe fondse\*, wat meer as die helfte van hul bates in kontant kan hou. Om hiervoor te vergoed en hul langtermyn-opbrengsdoelwitte te bereik, sal beleggers noodgedwonge meer risiko moet aangaan, of so nie hul inkomste- en opbrengsverwagtings moet verlaag en leefstylaanpassings moet maak.

Dit is belangrik dat u 'n langertermyn-siening handhaaf en besef dat u nou, meer as ooit tevore, moet oorweeg om te belê in 'n effektetrust wat u geld aan bates met 'n hoër opbrengs blootstel.

\* Voorsorg: Lae Aandele-kategorie soos op 31 Maart 2009

## Kommunikasienuus

**H**et u geweet dat u kan kies om u korrespondensie per e-pos te ontvang? Dit beteken u kry u state gouer, en deur die gebruik van papier te vermy, kan ons meer omgewingsvriendelik wees.

As u meer gereeld nuus oor u portefeulje wil hê of onvoltooide transaksies wil nagaan, kan u by ons veilige webtuiste aanmeld en u rekening nagaan. U kan ook aanlyn transaksies doen en toegang kry tot verskillende verslae, insluitend kapitaalwinstbelasting- en inkomstestate. Besoek [www.omut.co.za](http://www.omut.co.za) en klik op "register" bo-aan die bladsy vir die gerief om u portefeulje aanlyn te bestuur.

### Hou dit op datum

Maak asseblief seker dat ons u regte selfoonnommer en ander persoonlike besonderhede op rekord het, en onthou om ons te laat weet wanneer u besonderhede ook al verander. Dit sal help verseker dat u altyd in voeling met u beleggings bly.

### Kry wat u wil hê

-  Skakel 0860 234 234 (+27 21 503 1770) om gedurende kantoorure met ons bekwame kliëntedienskonsultante te gesels, of enige tyd van die dag of nag beleggingswaardes via ons outomatiese stelsel te verkry. Onthou om u rekeningnommer byderhand te hou.
-  Besoek ons by [www.omut.co.za](http://www.omut.co.za) om na u portefeulje te kyk en transaksies daarin te doen, gedetailleerde fondsinligting te kry of ons transaksievorms af te laai (om onderaandele te koop, verkoop of om te skakel).
-  Faks u versoeke of ingevulde vorms na +27 21 509 7100.
-  Rig navrae per e-pos aan [unittrusts@oldmutual.com](mailto:unittrusts@oldmutual.com) (ons reageer binne 24 uur).
-  Besoek u naaste Old Mutual-tak en gesels met een van ons geakkrediteerde finansiële adviseurs.


# Dis die moeite werd om 'n voorsprong te kry

**H**et u geweet dat wanneer u belê, u geld nog meer vir u verdien... danksy 'n eenvoudige konsep wat saamgestelde groei genoem word?

Saamgestelde groei beteken dat u rente op u oorspronklike belegging verdien, asook op die wins wat in die jare daarna gemaak word (d.w.s. groei op groei oor 'n tydperk). As u byvoorbeeld R1 000 teen 'n groeikoers van 10% per jaar belê het, sou dit teen die einde van die jaar R1 100 werd gewees het. As u daardie ekstra R100 herbelê het, sou die volgende jaar se verdienste gebaseer wees op die oorspronklike R1 000 plus die R100, ens. Belegging op 'n gereelde grondslag plaas u in 'n uitstekende posisie om u toekomstige finansiële welstand te verseker en die tyd wat in die mark bestee word te maksimeer. 'n Eenvoudige konsep, maar dit is net oor die lang termyn doeltreffend. Kyk na die grafiek van drie maandelikse beleggings van R100 wat op verskillende tye begin is, maar almal teen 'n vaste koers van 8% per jaar gegroei het.

Hoewel die bydraes oor die 30-jaartydperk drie keer meer was as die bydraes oor 10 jaar, is die belegging danksy saamgestelde groei meer as **sewe** keer meer werd!

Die kragtige uitwerking van belegging oor die lang termyn  
R100 per maand wat teen 8% per jaar groei



Bron: OMIGSA

## Bou u welvaart met 'n maandelikse beleggingsplan

Min van ons is vandag so gelukkig om 'n los enkelbedrag in die mark te kan belê. Die belegging van kleiner bedrae oor 'n tydperk kan

egter net so doeltreffend wees om welvaart te bou, sonder om u begroting te dramaties te beïnvloed. Belegging op 'n gereelde grondslag skakel ook die behoefte uit om tydsberekening op die mark te probeer toepas, aangesien u uit randprysbalansering munt slaan - u koop meer onderaandele wanneer markte goedkoper is, en minder onderaandele wanneer pryse styg. As u hierdie strategie toepas, kan u by alle marktoestande baat vind - 'n daalmark bied 'n goeie koopgeleentheid en 'n stygmark laat die waarde van u beleggings toeneem.

Effektetrusts gee u die buigsaamheid om u maandelikse belegging te verander na gelang u omstandighede verander -sonder enige strafheffings vir u. Ons gee ook vir u die opsie om u debietorderbedrag elke jaar outomaties te verhoog, wat u help om die uitwerking van inflasie die hoof te bied.

Die verhoging van u debietorderbedrag in ooreenstemming met inflasie het 'n geweldige uitwerking op die eindwaarde van u belegging. Terwyl 'n maandelikse belegging van R250 oor 'n 10-jaartydperk vandag tot R45 321 sou aangegroei het (teen 'n groeikoers van 8%), sou dieselfde maandelikse debietorderbedrag met 'n outomatiese verhoging van 6% per jaar gegroei het tot R57 576 (met 'n huidige beleggingsbedrag van R422,37 per maand). As u dus nie onlangs u debietorderbedrag hersien het nie, vra uself af of u beleggings met inflasie tred hou.

Vir u gerief het ons 'n debietorderbeleggingsvorm by u rekeningstaat ingesluit. Of u kan ons by 0860 234 234 skakel om u huidige maandelikse beleggings aan te vul of te wysig.

### TREK VOORDEEL UIT ONS SPESIALE AANBOD

U kan in enige van ons aandele- of batetoewysingsfondse belê vanaf 'n maandelikse minimum van R250 (die minimum maandelikse belegging is normaalweg R500 per maand). Hierdie aanbod is geldig tot 31 Januarie 2010 en is slegs vir ons bestaande kliënte beskikbaar.

Gebruik hierdie geleentheid om 'n nuwe fonds by u bestaande portefeulje te voeg of vir 'n doelwit soos u kinders se opleiding te spaar.

Vir inligting oor ons reeks fondse en die beleggings-besonderhede van elke fonds, gesels gerus met u finansiële adviseur, besoek [www.omut.co.za](http://www.omut.co.za) of skakel ons by 0860 234 234.

En **onthou!** Die beste tyd om te begin belê is **vandag.**

# Nuwe fondse beskikbaar

In 2008 het Old Mutual 'n meerderheidsbelang in Futuregrowth Asset Management gekoop. Die samesmelting van Old Mutual Investment Group en Futuregrowth se bestaande sterk vasterente-vermoëns het gelei tot die grootste vasterente-vermoë in die land. Die sukses van hierdie samesmelting blyk verder uit die prestasiegeskiedenis van die fondse wat hulle bestuur\*.

Die samesnoering van hierdie ondernemings het ons ook in staat gestel om die wye reeks fondse wat Old Mutual Unit Trusts aanbied, uit te brei. Die volgende fondse is nou vir u beskikbaar en hul prestasiegeskiedenis is ingesluit by die tabel hiernaas.

Die **Futuregrowth Albaraka Equity Fund**, 'n gesamentlike onderneming met Albaraka Bank, word streng volgens Shari'ah (Islamitiese) reg bestuur. Die fonds poog om oor die medium tot lang termyn beter as die FTSE/JSE Shari'ah-indeks te presteer.

Die **Old Mutual Active Quant Equity Fund** belê in 'n verskeidenheid aandele met die doel om kapitaalgroei en 'n hoër opbrengs as die gemiddelde algemene aandeelfonds te lewer. Dit word met behulp van 'n eie kwantitatiewe beleggingsproses bestuur.

Die **Old Mutual Futuregrowth Global Index Fund of Funds** belê in 'n spreiding van internasionale indeksfondse regoor die wêreld. Die fonds poog om aan beleggers 'n opbrengs te gee wat met dié van die Morgan Stanley Capital International (MSCI) Wêreldindeks ooreenstem.

Vir meer inligting oor hierdie en ander fondse, gesels gerus met u makelaar of Old Mutual finansiële adviseur. So nie, kan u inligting kry by [www.omut.co.za](http://www.omut.co.za) of met een van ons kliëntedienskonsultante gesels by 0860 234 234.

\*Oor een jaar tot einde September 2009 was die Old Mutual Bond Fund se posisie 9/17, die Old Mutual Income Fund 1/3 en die Old Mutual Money Market Fund 4/22.

Fonds	TOV# (%)	Prestasie % p.j.			Risikogradering
		1 jaar	3 jaar	5 jaar	
Active Quant Equity Fund A	2.50	8.2	6.6	17.7	4
Balanced Fund R	1.30	7.3	7.3	15.8	3
Bond Fund R	0.87	9.3	7.8	8.3	3
Capital Builder Fund A	0.92	10.9	-	-	2
Dynamic Floor Fund A	1.01	9.6	8.2	12.1	3
Enhanced Income Fund A	1.14	10.2	9.8	10.7	2
Financial Services Fund R	1.15	15.9	7.8	18.5	5
Flexible Fund R	1.38	10.9	8.9	18.0	4
Four Plus Capital FoF A	2.23	8.4	7.4	9.5	3
Four Plus Global FoF A	2.39	-2.4	-2.0	8.9	4
Four Plus Growth FoF A	2.00	6.8	5.5	13.4	3
Four Plus Secure FoF A	2.05	9.0	8.6	7.5	2
Futuregrowth Albaraka Equity Fund A	1.72	6.7	0.3	13.9	5
Futuregrowth Global Index FoF R	1.48	-12.7	-4.1	6.7	4
Global Bond Feeder Fund A	1.73	8.1	6.2	8.8	2
Global Equity Fund A	2.09	-16.4	-9.4	4.8	4
Global Technology Fund A	2.53	5.7	-1.4	6.3	5
Gold Fund R	1.15	8.6	-0.2	9.6	5
Growth Fund R	1.14	12.6	11.2	20.3	4
High Yield Opportunity Fund A	1.41	15.4	6.9	16.8	4
Income Fund R	0.86	11.2	10.1	9.1	1
Industrial Fund A	1.40	12.5	10.4	19.4	5
International Growth FoF A	2.89	-8.5	-5.6	5.3	4
Investors' Fund R	1.12	8.6	7.8	18.4	4
Mining & Resources Fund R	1.14	0.9	13.5	27.4	5
Money Market Fund A	0.68	10.6	10.3	8.9	1
RAFI® 40 Tracker Fund A	0.92	13.8	-	-	4
Real Income Fund A	1.40	11.8	8.9	-	2
SA Quoted Property Fund A	1.43	18.6	15.0	22.8	4
Small Companies Fund R	1.14	2.6	4.5	18.0	5
Stable Growth Fund A	1.17	10.8	-	-	2
SYmmENTRY Balanced Fund of Funds A	1.78	11.8	9.4	16.0	3
SYmmENTRY Defensive Fund of Funds A	1.44	8.0	8.5	13.0	2
SYmmENTRY Equity Fund of Funds A	1.49	12.8	6.5	18.1	4
SYmmENTRY Fixed Interest Fund of Funds A	1.19	9.2	9.2	8.8	2
Top 40 Fund A	0.74	6.3	4.5	17.3	4
Top Companies Fund R	1.15	11.7	9.1	18.2	5
UK Money Market Feeder Fund A	0.59	-17.9	-2.1	4.1	1
Value Fund R	1.14	11.0	8.7	18.4	4
Suid-Afrika VPI		6.7	9.0	7.3	

Alle syfers in die publikasie is uit die volgende bron verkry (tensy anders vermeld): Morningstar. Enkelbedragbeleggings tot einde September 2009, uitkerings is herbelê en NBW-NBW-pryse is gebruik (d.w.s. aanvangskoste is uitgesluit). Inkomste word op die ex dividend-datum herbelê. Werklike beleggingsprestasie sal verskil, gebaseer op die aanvangsfooie wat van toepassing is, die werklike beleggingsdatum en die datum waarop inkomste herbelê word. Vorige prestasie is nie noodwendig 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Old Mutual Unit Trusts is deur die JSE Sekuriteitebeurs SA gelisensieer om die naam FTSE/JSE Top 40 Indeks te gebruik. TOV's (totale onkosteverhoudings) is soos op 30 Junie 2009. Skakel ons Dienssentrum by 0860 234 234 om kopieë van die bygewerkte feiteblaai te kry, of besoek [www.omut.co.za](http://www.omut.co.za) en klik op "Fund Information & Prices" en kies "Fees & Charges". Risikograderings neem nie die impak van valutaskommelinge in ag nie.

© Old Mutual Unit Trusts Oktober 2009. Finansiële Gesproke is 'n nuusbrief wat as 'n diens aan Old Mutual Unit Trusts se beleggers uitgegee word. Hoewel dit met redelike sorg saamgestel is, aanvaar Old Mutual Unit Trusts geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat gely, of onkoste wat aangegaan kan word as gevolg van inligting wat in hierdie publikasie vervat is nie. Geen stelling in hierdie nuusbrief moet beskou word as 'n aanbeveling om 'n spesifieke fonds of produk te koop of te verkoop nie. Ons stel voor dat u ons of u finansiële adviseur kontak voordat u enige besluite neem wat op hierdie inligting gegrond is. Indien u bykomende eksemplare van hierdie nuusbrief wil ontvang, skakel asseblief ons Dienssentrum (0860 234 234). This publication is also available in English as Financially Talking. Effektrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige groei nie. Skommelinge kan oor die korter termyn voorkom, terwyl u belegging in ooreenstemming met die markte beweeg. Wisselkoersbewegings of -skommelinge kan meebring dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. Effektrusts kan by leen en die uitleen van skrip betrokke wees. Die fonds se TOV weerspieël die persentasie van die gemiddelde Netto Batewaarde van die portefeulje wat as koste, heffings en fooie met betrekking tot die bestuur van die portefeulje aangegaan is. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV impliseer ook nie 'n goeie opbrengs nie. Die huidige TOV kan nie as 'n aanduiding van toekomstige TOV's beskou word nie. 'n Lys van fooie, koste en maksimum kommissie is by die maatskappy verkrygbaar. U kan u belegging verkoop teen die heersende prys van die dag (om 15:00 op 'n vooruitprysingsgrondslag bereken en 17:00 teen die maandeinde vir Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund en Old Mutual Top 40 Fund). Die Old Mutual Money Market Fund se onderaandeelprys poog om staties te wees, maar beleggingskapitaal word nie gewaarborg nie. Die totale opbrengs bestaan hoofsaaklik uit rente (wat daaglik om 13:00 verklaar word), maar kan ook enige wins/verlies op 'n bepaalde instrument insluit. In die meeste gevalle sal dit bloot die daaglikse opbrengs verhoog of verlaag, maar in uiterste gevalle kan dit die kapitaalwaarde van die fonds verminder. Spesiasiaandeel fondse kan 'n groter risiko inhou, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Voederfonds is 'n portefeulje wat, afgesien van bates in likiede vorm, uitsluitlik uit deelnemende belange in 'n enkele portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema bestaan. 'n Fonds van fondse-effektrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie koste kan vra. Sekere fondse kan tydelik vir nuwe besigheid gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te word. Hierdie portefeuljes bevat verskillende onderaandeelklasse, wat aan verskillende fooie en koste onderhewig is. Old Mutual is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging, SA. Old Mutual Investment Group is 'n volftiaal van Old Mutual (South Africa) Limited. Reg.nr. 1993/003023/07.